# BEDERF JOU GESIN MET ’N VAKANSIE

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE

**ATKV-OORDE – ’N GUNSTELING VIR GESINSVAKANSIE**



**Kies een van die ATKV se spog-oorde vir ’n vakansie wat die hele gesin sal geniet. Daar is iets vir almal, of jy nou die bos, see of berge verkies.**

Die vakansie is om die draai. Ná ’n lang en moeilike kwartaal, verdien jou gesin ’n luilekker vakansie.
Met Jan Tuisbly se karretjie gaan jy dalk opeindig om kaste reg te pak, mure te verf en met die kinders te raas omdat hulle baklei.
Dit is dalk ’n goeie idee om eerder weg te kom van die huis af, sodat almal kan rus en behoorlik kan vakansie hou.

## Kuier in styl by Buffelspoort

ATKV-Buffelspoort is die koelste kampplek in die kontrei, en is net ’n klipgooi van die wêreldbekende Sun City en minder as ’n uur se ry van Pretoria en Johannesburg.
Buffelspoort is die ATKV se geliefde Bosveld-kuierplek en spog met ’n verskeidenheid ontspanningsgeriewe en vermaakaktiwiteite soos wipmatte, putt-putt, ’n waterglybaan, en nog vele meer.
Hierdie oase in die Magaliesberg bied verder ook verskillende soorte selfsorgverblyf vir elke smaak soos die rondawels, Magalies-villas, asook ’n verskeidenheid woonstelle om van te kies.
Benewens die 4-bedtenthuise het die oord ook ’n magdom kampeerstaanplekke onder skaduryke bome of gepavleide staanplekke met skadunette, kragpunte en ’n braai-area.
Waarvoor wag jy? Haak die woonwa en kom span uit by ATKV-Buffelspoort!

**Geniet ’n sakpas vakansie vir die hele gesin, ontspan en skep weer asem – Kliek atkvoorde.co.za om te bespreek!**

## Kies avontuur by Klein-Kariba

ATKV-Klein-Kariba is jou alles in een vakansiebestemming, en is sowat 90 minute van Johannesburg af, net buite Bela-Bela in een van die Waterberge se mooiste klowe.
Klein-Kariba is die ATKV se avontuur-oord en spog met ’n verskeidenheid ontspanningsgeriewe en aktiwiteite soos trapbootjies, perderitte, vierwielmotorfietse, putt-putt, ’n waterglybaan, staproetes en nog vele meer.
Hierdie pragoord bied ook natuurlik ’n wye verskeidenheid bekostigbare akkommodasie vir almal met egte Bosveldgasvryheid soos die berghuise, houthuise, vishoekhuise, ’n verskeidenheid woonstelle om van te kies, jeugtente vir groepsverblyf, gewone tente vir families, hotelkamers en kampeerplek.
ATKV-Klein-Kariba is een van die mees gesogte vakansiebestemmings in Suid-Afrika! As jy ruskans kort, en op soek is na ’n ware Bosveldavontuur is dit jou antwoord! ATKV-Klein-Kariba maak wegkom maklik.

## Kies die Eiland vir die beste weer

Limpopo is feitelik regdeur die jaar warm, terwyl temperature in die res van die land jou vinnig kan laat bibber. Met die winterkoue wat al plek-plek in die land begin byt, is ATKV-Eiland Spa die perfekte plek om van verwarmers en truie te vergeet.
Eiland Spa spog heeljaar met warm en heerlike sonnige weer. Met ’n verskeidenheid selfsorgverblyf, ontspanningsgeriewe en -aktiwiteite, restaurant, asook ’n helende hidrospa is ATKV-Eiland Spa net die plek vir die hele gesin om te kom ontspan.
Die rustige Bosveldatmosfeer, die warm water en soel aande sal jou heerlik laat ontspan. Ervaar die Laeveld-diamant in sy volle glorie. Die rustige kalmte en vreedsame stilte van die omgewing sal al jou wildste verwagtinge oortref.

**Geniet ’n sakpas vakansie vir die hele gesin, ontspan en skep weer asem.**

**KLIEK OM TE BESPREEK**

## Volg ATKV-Oorde op sosiale media

Om die Nuusbrief aan ’n vriendin te stuur, **kliek hier.**
**Kliek hier** om in te teken op ons nuusbrief.
Indien jy nie langer die nuusbrief wil ontvang nie, **kliek hier.**